Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
23 Januarie 1977

Onderwerp: Laat u wil geskied

Lees: Matthéüs 7 verse 13 tot 29
Matthéüs 6 vers 10

Teks: Matthéüs 6 vers 10

Sing: Gesang 67 verse 1 en 5
Gesang 68 verse 1, 2, 6 en 7

"'… laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde'.

"Broers en Susters, iemand wat van harte begeer dat God se Naam geheilig sal word, sal ook bid dat God se koninkryk moet kom. En hy wat in opregtheid bid oor die koms van die koninkryk van God sal ook begeer dat die wil van God moet geskied.

"Netso sal iemand wat begeer dat die wil van God moet geskied, ook begeer dat die koninkryk van God sal kom en dat die Naam van God geheilig sal word.

"Hierdie gebede bring ons by een van die belangrikste dinge waarmee 'n mens se gees hom besig kan hou, naamlik gehoorsaamheid aan God en onderworpenheid aan God se wil.

"Die mens op aarde wat ongehoorsaam is aan God en in opstand is teen God, is ongelukkig en skadelik vir sy medemens. Daarenteen is die mens wat aan God gehoorsaam is en volgens God se wil lewe, gelukkig en nuttig. Hieroor is daar nie die minste twyfel nie.

"Broers en Susters, dit is met elkeen van ons die geval. Ons is ongelukkig en benadeel onsself en ander omdat ons nie aan God gehoorsaam is nie en God se wil weerstaan. Hoeveel ellende is daar nie op aarde nie omdat die mens ongehoorsaam is aan die HERE? As ons dit begryp, sal ons met erns en volharding bid: '… laat u wil geskied'.

"Die gelowige wat hierdie gebed in opregtheid bid, lê in der waarheid 'n belydenis af dat sy wil en die van sy medemens verkeerd is. Hy bid immers: Gee dat ons en alle mense ons eie wil sal versaak. Daarmee erken hy dat sy wil en dié van sy medegelowiges en ander mense verkeerd is.

"Is dit waar? Is alle mense van nature verkeerd?

"Die antwoord is duidelik. Wat 'n mens wil, is alleen in ooreenstemming met sy natuur. Sy natuur is sondig en daarom is sy wil sondig. Dit is uit die hart van die mens dat sondige dinge kom soos owerspel, moord en dergelike dinge.

"Die Woord van God bevestig die sondige natuur van die mens: 'Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was, het dit die HERE berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het'. (Gen 6:5,6)

"Die Woord van God leer ons dat niemand voor die aangesig van God regverdig is nie: 'Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie.' '… want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God'. (Rom 3:12,23)

"Die Woord van God leer ons dat die mens só bedorwe is, dat hy nie sy hemelse bestemming kan bereik tensy hy wedergebore is nie. Dit wil sê, hy moet 'n algehele verandering van sin en hart ondergaan, anders kan hy die koninkryk van God nie beërwe nie.

"Wat die Bybel ons so duidelik leer, leer die ervaring ons ook. As ons die goeie wil doen, staan die kwaad by ons. Hierby kom nog dat sonde ons verstand verduister en ons die vermoë ontneem om tussen goed en kwaad te kan onderskei. Ons sal dus altyd die verkeerde wil, omdat ons verkeerde begrippe oor dinge het.

"Broers en Susters, dit is dus 'n feit dat die wil van die mens dwaas en sondig en dus verkeerd is. Dit pas ons dus om dit voor mekaar en voor God te bely.

"Besef ons hierdie waarheid en bely ons dit altyd?

"'Hy wat sy eie weg wil gaan
"sien dwaallig soms vir sterre aan
"en as die skynsel hom bekoor
"dan dwaal hy van die regte spoor.'

"Ja, dit is gepas om saam met die digter van Gesang 68 uit te roep:

"'Salig om in eie oë
"ons gering te ag voor God.'

"Volgens die Kategismus lê daar in die gebed '… laat u wil geskied' drie verskillende gebedes opgesluit:

"Die eerte gebed is: Gee dat ons en alle mense ons eie wil mag versaak. Hieroor het ons reeds gehandel. Ek erken dat ek verkeerd is en is bereid om my wil as 'n offer aan die HERE prys te gee.

"Die tweede gebed is: Gee dat ons en alle mense u wil mag doen. Maar wat verstaan ons onder die wil van God?

“Daar is ’n besluitende- en ’n bevelende wil van God. Die besluitende wil van God is God se ewige raadsbesluite. Hierteenoor is God se bevelende wil die voorstelle en bevele wat God aan mense gee om uit te voer.

“God se besluitende wil is vir die mens verborge. Dit is onafhanklik, onveranderlik en ewig soos Hyself. Dit geskied altyd.

“Hierteenoor is God se bevelende wil die weg wat God vir die mens aanwys om te bewandel. Omdat God aan die mens ’n vrye wil gegee het, word dit nie altyd deur mense uitgevoer nie.

“Selfs al word God se bevelende wil deur mense verontagsaam, is die besluitende wil en die bevelende wil van God nie in stryd met mekaar nie. Nee, hulle is in volmaakte harmonie met mekaar.

“Die gelowige bid dus dat God moet gee dat hy en ander die bevelende wil van God mag doen; asook God se besluitende wil wat in sy raadsplan vasgelê is.

“Ons bid dikwels vir genesing, of om redding van siele, of die afwering van ’n ramp, en dan kry ons nie altyd wat ons gevra het nie. Dit is omdat die wyse en liefdevolle Vader om wyse redes anders besluit het. Dan word Hy verheerlik deur die onderworpenheid van sy kind.

“Die derde gebed is dat mense God se wil gewillig en getrou op die regte wyse moet doen, sonder om teë te praat. Die bede is dus nie alleen: HERE stel my en ander in staat om u wil te doen nie, maar stel ons in staat om dit sonder teëpraat te doen.

“Die wil van God moet met gewilligheid uitgevoer word. Dit moet nie gedoen word uit vrees vir straf, of met ’n sug na beloning nie, maar omdat dankbaarheid en liefde ons daartoe dring. Ek moet die wil van God met getrouheid doen. Ek moet my roeping en plig in my huisgesin, samelewing en kerk vervul na die welbehae van God.

“Uiteindelik staan daar: ‘laat u wil geskied, soos in die hemel’. Dit verwys na engele wat op volmaakte wyse aan God gehoorsaam is. Só moet ons ook doen. Omdat die wil van God goed is, is dit gepas dat ons sal bid dat hierdie wil ook op aarde sal geskied, soos in die hemel.

“Die essensie van hierdie boodskap is dat die gelowige moet bid: HERE gee dat ons ons eie wil sal versaak en dat ons alleen u wil sal doen, omdat alleen u wil goed is. En God se wil is goed omdat dit die wil is

van die alwetende God. Hy weet en ken alles. Dit is ook die wil van ’n liefdevolle God.

“Begeer u om die wil van God te doen? Dit is die moeder van ’n gelukkige en nuttige lewe. Dink ook daaraan dat gehoorsaamheid aan die wil van God ’n vrug van die geloof is.

“Daar rus drie verpligtinge op hom en haar wat hierdie gebede bid:

“Julle moet probeer om die wil van God te ken.

“Julle moet God in alles gehoorsaam wees.

“Julle moet ander aanspoor om hulle te bekeer en aan God gehoorsaam te wees. Want dit is die wil van God dat nie een verlore sal gaan nie, maar hulle sal bekeer en die ewige lewe sal hê.

“Amen.”